# Huisbesoek

D J Booysen
Hervormde Teologiese Opleiding

**Abstract**
**Pastoral visits**

Regardless the fact that opposition to pastoral visits is mounting in the church, it remains unreplaceable. There is but no alternative for these visits. Attention is given to certain biblical and theological arguments in an attempt to justify the continuation of this practice in the church. Although urbanization plays an important role it must not be regarded as a negative factor. Pastoral visits is to be considered as one of those structures in use to proclaim the Gospel. The ward-system needs to be utilized to a much greater extend as is the case now.

## INLEIDING

Die vraag wat in hierdie artikel ter sprake kom, handel oor die huisbesoek. Talle besware word voortdurend geopper oor die sinvolheid en die nodigheid van die huisbesoek. Verskillende sake rondom die huisbesoek word derhalwe ter sprake gebring sodat die sinvolheid daarvan duidelik blyk. In die lig daarvan dat daar in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nog altyd 'n bepaalde standpunt oor die huisbesoek gehuldig is, gee ons aandag aan die ruimte waarin dit fungeer. Sodoende kom die doel van huisbesoek ter sprake. Vanselfsprekend sal daar in die artikel kursories na die Skrif gekyk word vir sover daar enige riglyne in die verband aangedui word sodat ons tot 'n fundering van die huisbesoek kan kom. Dit is in die bedeling van die mondigheid van die moderne mens seker ook belangrik om aandag te gee aan die houding van die lidmate ten opsigte van die huisbesoek.

Daar is geen plaasvervanger vir huisbesoek nie. Huisbesoek, gereelde huisbesoek, is 'n moet. Dit is tydrowend, maar onvermydelik. Gemeentelede beskou dit eintlik as hulle reg om amptelik deur die ampsdraers van die kerk besoek te word en hulle plaas 'n hoë premie op die amptelike besoek. Sommige predikante beskou dit as 'n sleurwerk wat nimmereindigend is. Huisbesoek is die een item op die dag se sakelys wat die maklikste verskuif word ter wille van een of ander saak wat skielik

opduik. Tog bly dit noodsaaklik en onvermydelik. 'n Woord van Kaptein is miskien hier op sy plek: 'Een gemeenschap die wil blijven bestaan zal het dus van contacten van aangezicht tot aangezicht moeten hebben. Verwaarloost zij die dan verwaarloost zij zichzelf' (Kaptein 1975:11). 'n Kontakstruktuur word beskou as die grondvoorwaarde vir 'n lewende gemeenskap en juis daarom is huisbesoek onontbeerlik. 'n Skrywer het per geleentheid die opmerking gemaak dat die weg na die gemeente gaan deur die huise! (Heitink 1983:449).

Besware teen die praktyk van huisbesoek is legio. Die tragiese is dat huisbesoek, soos ons dit ken, in Europa omtrent nie meer bestaan nie. Die belangrikste beswaar wat geopper word is die druk program waarmee elke predikant opgesaal sit. Dit is ook 'n algemene klag in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ander predikante in die oorsese lande beskou huisbesoek ook nie as deel van hulle taak nie. Daarvoor is daar die kontakpersone, maar tereg wys Heitink daarop dat die persone eintlik geen verantwoordelikheid het soos die ampsdraers nie. Die besoeke word dan haastige besoeke en ek glo dit dien nie veel van 'n doel nie. Heitink bekla dan die feit dat die vertroude beeld van die reëlmatige besoek deur die kerk aan die verdwyn is. Nuwe vorme van kommunikasie word benut soos wykblaadjies en gemeentekringe. Nou moet ons egter ook in aanmerking neem dat die wyke waarvan daar by hulle sprake is, nie noodwendig dieselfde is as hier te lande nie. Feit is egter dat daar 'n duidelike wending oorsee gekom het, en geruime tyd reeds daar duur. As dieselfde neiging hier posvat, spel dit net skade vir die kerk uit.

## AMPTELIKE STANDPUNT VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Die afgelope twintig jaar het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by minstens agt geleenthede *huisbesoek* as agendapunt by sy vergaderings gehad. Tydens die 1970 Algemene Kerkvergadering is besluit om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te versoek om 'n omvattende ondersoek na huisbesoek te laat doen. Die Raad vir die Herderlike Sorg het hierdie opdrag ontvang. Uit die notules van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering blyk dit dat die vraag telkens gegaan het na die reg en die plek van die *groepshuisbesoek*. Die standpunt is konsekwent gehuldig dat die groepshuisbesoek 'n bykomstige plek het, maar nooit huisbesoek kan vervang nie. Dit is in navolging van die besluit van die Algemene Kerkvergadering (NHK Kommissie, Mei-Junie 1973; boek 69; Mei 1976; boek 81, 82).

Teen die einde van 1987 het 'n Ring versoek dat die woord 'jaarliks' in Bepaling 168 punt 1(a) geskrap word. Die motivering was soos volg:

> In die bepalings rakende die predikant se dienswerk word die voorskrif tot 'jaarlikse' huisbesoek in elke wyk nie meer gevind nie. Dit is dus ook net vanselfsprekend dat daar nie onder die bepalings rakende die ouderlingamp die indruk gewek moet word dat die predikant tot sodanige 'jaarlikse' huisbesoek verplig is nie....Die omvangrykheid van die werk van predikante, die vele en hoë eise wat gestel word aan besondere pastoraat, die klem wat tans val op die predikant se werk as toeruster van lidmate op allerlei gebiede, die groot aantal besoekpunte wat sommige predikante moet behartig, ensovoorts maak in elk geval 'n bepaling tot jaarlikse huisbesoek onrealisties.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het met sorg kennis geneem van die gesindheid van die Ring (NHK Kommissie, Sept-Des 1987; boek 135). Hierdie voorstel het ook voor die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gedien. Dit is ook nie daar aanvaar nie (Notule: Algemene Kerkvergadering, bl 51). Dit is en bly steeds 'n verpligting van die predikant om jaarliks huisbesoek te doen (Bepaling 101, 3a van die Kerkwet). As dit vir die predikant nie moontlik is om die taak afgehandel te kry nie, moet hy in oorleg met die kerkraad ander reëlings tref. Die verantwoordelikheid rus nog steeds op die predikant om sy huisbesoektaak nougeset uit te voer. Dit wil vir my voorkom asof die gees en gesindheid wat voortspruit uit die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en sy bepalings duidelik veronderstel dat die huisbesoek gereeld gedoen sal word.

Ouderlinge moet weer voor elke nagmaal huisbesoek by alle lidmate doen en die diakens besoek wykslede gereeld (Bepaling 101, 3b, c).

## DIE WYKSTELSEL

Die wykstelsel hou vir die Kerk net voordeel in. Al die probleme wat met verstedeliking gepaard gaan, maak die wykstelsel nie oorbodig nie, maar juis onontbeerlik. Wagenaar ([1979]:87-88) beklemtoon die voordele van die wykstelsel en skryf:

> Dit kom daarop neer dat ons hele land in selle onderverdeel is. Iemand kan by bykans enige adres in die ganse Suid-Afrika woon en onmiddellik kan ons vasstel dat so 'n persoon in 'n besondere gemeente van een van ons kerke resorteer en meer nog, dat so 'n persoon deel van 'n sekere wyk is saam met 'n paar ander gesinne en

dat daar 'n ouderling en diaken is om hulle ampswerk by daardie besondere huis te verrig. Teoreties lyk dit na 'n perfekte sisteem en is dit te betwyfel of enige ander land dit kan sê.

Die wykstelsel beteken in der waarheid dat 'n paar gesinne in 'n wyk ingedeel is. Vir hierdie gesinne is daar twee persone wat die verantwoordelikheid aanvaar het om amptelik kerklik na hulle om te sien. Wat meer is, hierdie twee ampsdraers kan hulle te enige tyd beroep op 'n derde opgeleide en goed gekwalifiseerde persoon om hulle in die dienswerk ten opsigte van enige lidmaat in daaardie wyk by te staan, te wete die predikant self.

Vanselfsprekend gaan dit in die dienswerk in die wyk om amptelike betrokkenheid van die ampsdraers. Dit bring mee dat daar aandag aan hierdie aspek gegee moet word. Dreyer het die aangeleentheid bespreek en dit is onnodig om nou saagsels te saag. Daar kan met reg volstaan word met sy oorsig in die verband (vgl Dreyer 1987:522-555). Hy wys daarop dat die gemeente nog die verwagting koester dat hulle jaarliks deur die predikant besoek sal word. Verskillende faktore kan daartoe bydra dat dit nie vir die predikant moontlik is om aan hierdie verwagting te voldoen nie. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat die wyksverband nie meer aan die lidmate die natuurlike en spontane groepskohesie bied nie. Die een leemte wat hy onderstreep, is die feit dat die huisbesoektaak van die predikant en die ouderling onder die bepalings van die opsig tuis is. Dit is die primêre taak van die ouderling om opsig te hou. Hieruit is dit duidelik dat dit as 'n beperking gesien is. Die taak van die diaken is eweneens beperk, ofskoon die Formulier vir die Bevestiging van Diakens die diakens aanspoor om ook met vertroostinge uit die Woord die lidmate by te staan.

'n Ander siening is ook moontlik. As Bepaling 4 (Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Bepalings 1989) saamgelees word met die Bepalings ten opsigte van die Opsig dan word die prentjie anders. Punt 3 van die Bepaling lui soos volg: 'Die kerkraad deel die gemeente in wyke in en hy stel vir elke wyk 'n ouderling en diaken verantwoordelik, met die oog op goeie bearbeiding van die gemeente.'

Artikel IV handel oor die opdrag van Christus aan sy kerk en meld in (h) die herderlike sorg en in (i) opsig oor die leer en lewe van die gemeente. Dit beteken dat daar onderskei word tussen die twee sake. Hulle is nie noodwendig gelyk aan mekaar nie. Artikel VIII gee uitdrukking aan die verwagting wat van die lidmate van die kerk gekoester word. 'Gelowiges is geroepe om hulle priesterskap te vervul en ampsdraers in hulle dienswerk by te staan.' Die hele probleem is goed onder oë gesien deur Dreyer (1987:522-524) wanneer hy die aandag daarop vestig dat daar

nie voorsiening in die Kerkwet (van die NHKA) gemaak word vir die nodige toerusting nie. Tog word in Bepaling 101 aan die kerkraad die opdrag gegee om deur die opsig oor belydende lidmate toe te sien dat hulle die priesterskap van die gelowiges sal uitlewe. Wat die kerk van die lidmate verwag, is duidelik. Hoe dit gedoen moet word, lyk na die wesenlike probleem. Die taak van die ouderling is om opsig te hou. Dit is baie duidelik. Die vraag kan gevra word of die kerk die saak nie te negatief hanteer nie. Wat verwag word, is ook duidelik; daar moet deur middel van die opsig gesorg word dat dit wel so sal gebeur. Vir talle mense is dit 'n probleem omdat die kerk daardeur paternalisties optree en die mondige mens van vandag hierdie 'gesagsfiguur' nie sonder meer as sulks aanvaar nie.

## DIE DOEL VAN HUISBESOEK

Die Kerkwet stel dat die die kerkraad moet toesien dat die belydende lidmate die priesterskap van die gelowiges sal uitlewe. Dit is eweneens waar dat daar 'n babelse verwarring bestaan rondom die begrip priesterskap van die gelowiges. Kennis moet geneem word van die artikel van Pont (1989:451-460) oor die onderwerp. Die belangrikste sake wat hieruit na vore kom, is in die eerste plek die feit dat Calvyn die priesterskap van die gelowiges nooit as 'n afsonderlike leerstuk behandel het nie. Wanneer hy daaraan aandag gee, gaan dit gewoonlik gepaard met 'n ander onderwerp wat die dominante faktor in sy bespreking is. So kom dit ter sprake by die bespreking van die *triplex munus* van Christus. Die priesterskap van die gelowiges is niks anders as 'n uitvloeisel van Christus se priesterlike taak wat Hy juis ter wille van ons volvoer het nie. Verder kom dit ook nog byvoorbeeld ter sprake by die bespreking van Petrus se sleutelmag.

> Die opvallende by Calvyn is, as so na die plek van die priesterskap van die gelowiges gekyk word, dit nie in bespreking gebring word wanneer die amp ter sake is nie en dat dit ook nie teenoor die amp gestel word nie, maar veel eerder saamhang met 'n bespreking van die lewe van die gelowige.

Dit gee onmiddellik sin aan die opdrag van die Kerkwet waarvolgens gereël word dat die kerkraad opsig sal hou oor die lidmate. Dit gaan juis om die lewe van die lidmaat. Dit bly 'n ope vraag of hieraan aandag gegee word tydens die huisbesoek. Die opsig kom ter sprake by die sake wat as ergerlike sondes beskou word. Min lidmate word ooit onder sensuur geplaas. Daar word te maklik oor alles heen gekyk. Anders gesê: Is huisbesoek nog sinvol?

Die raad vir Prediking en Erediens het in samewerking met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 'n opname in die Nederduitsch Hervormde Kerk gedoen. Lidmate kon ook kommentaar lewer soos hulle verkies. Ten opsigte van die huisbesoek is onder andere die volgende kommentaar ontvang:

> Ek sal graag wil sien dat die predikante hulle huisbesoek verbeter.
> Ek is baie ongelukkig oor die feit dat ons predikant ons nooit besoek nie.
> Ek voel dat die predikant gerus sy gemeente meer kan besoek.
> Predikante behoort ten minste voor nagmaal lidmate te besoek.
> Predikante moet iemand wat 'n groot operasie of terugslag gehad het nog na die tyd ook besoek.
> Ek sal graag met my predikant oor sekere sake tuis wil gesels.

Die lidmate het dus behoefte aan die besondere geleentheid waartydens in 'n vertrouenssituasie met die predikant as ampsdraer gesprek gevoer kan word.

Huisbesoek word wel in die meeste gemeentes gedoen. In die opname wat die Raad vir Prediking en Erediens in samewerking met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedurende 1985 gedoen is, het die volgende statistiek ten opsigte van die huisbesoek na vore gekom:

Tabel 2.13: Hoeveel maande gelede het 'n predikant u besoek?

| | |
|---|---|
| Maand of minder | 25,2% |
| 2 tot 4 maande | 25,7% |
| 5 tot 11 maande | 25,0% |
| 12 maande of langer | 24,1%. |

Tabel 2.14: Hoeveel maande gelede het 'n ouderling u besoek?

| | |
|---|---|
| Minder as 'n maand | 11,1% |
| 1 maand gelede | 52,8% |
| 3 maande gelede | 17,3% |
| 4 maande of langer | 18,9%. |

Tabel 2:15: Hoeveel maande gelede het 'n diaken u besoek?

| | |
|---|---|
| Minder as 'n maand | 16,7% |
| 1 maand gelede | 73,4% |
| 2 maande of langer | 9,8% |

Die tabelle bring duidelik aan die lig dat daar nog gereelde huisbesoek gedoen word. As faktore soos mense wat nie tuis is wanneer besoek gebring word nie, vakante gemeentes, vakante wyke, tye van siekte van die ampsdraer, en al dergelike faktore in ag geneem word, dan is dit duidelik dat daar 'n daadwerklike poging aangewend word om tog huisbesoek te doen.

Die verhouding tussen die ampsdraers en die lidmate kan ook as besonder goed getipeer word. Tabel 2.25 gee hiervan 'n oorsig:

0,7% lidmate het altyd probleme met die predikant
0,2% lidmate het altyd probleme met 'n ouderling
0,2% lidmate het altyd probleme met 'n diaken
0,1% lidmate het altyd probleme met 'n lidmaat

0,7% lidmate het dikwels probleme met die predikant
0,2% lidmate het dikwels probleme met 'n ouderling
0,4% lidmate het dikwels probleme met 'n diaken
0,5% lidmate het dikwels probleme met 'n lidmaat.

4,9% lidmate het soms probleme met die predikant
1,7% lidmate het soms probleme met 'n ouderling
1,6% lidmate het soms probleme met 'n diaken
2,2% lidmate het soms probleme met 'n lidmaat.

93,6% lidmate het nooit probleme met die predikant nie
97,8% lidmate het nooit probleme met 'n ouderling nie
97,8% lidmate het nooit probleme met 'n diaken nie
97,1% lidmate het nooit probleme met 'n lidmaat nie.

Wat hier van belang is, is die feit dat die situasie soos uit bogenoemde statistiek duidelik is, geheel en al gunstig is sodat suksesvolle kommunikasie kan plaasvind. Onderlinge verhoudinge is geen struikelblok nie. Geweldige klem word tans gelê op die suksesvolle of geslaagde kommunikasie. Indien die kommunikasie tussen die

ampsdraers en die lidmate nie altyd suksesvol verloop nie, dan moet die probleem elders gesoek word.

Wat uit die statistiek ook duidelik is, is die feit dat die een amp nie in 'n beter verhouding tot die lidmate staan as die ander ampte nie.

Deel van die ampte se taak is die opsig. Uit die statistiek word dit duidelik dat die lidmate van oordeel is dat hulle verantwoordelik lewe. So word in tabel 2.34 gevra of die lidmate van mening is dat hulle hulle belofte wat by die aflê van geloofsbelydenis gemaak is wel gestand doen, naamlik om mee te werk aan die groei en vooruitgang van die Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder. 61,6% antwoord ja, 22,2% weet nie, en slegs 16,2% sê nee. 87,2% van die ouers is ook van mening dat hulle daarin slaag (of geslaag het) om hulle doopbelofte na te kom.

## FUNDERING VAN DIE HUISBESOEK

Bybelse fundering vir die huisbesoek word gewoonlik gevind in die verskillende gedeeltes in die Ou sowel as die Nuwe Testament. Biesterveld (1908:1-21) het die aspek breedvoerig behandel. Hy wys daarop dat dit 'n mistasting is as beweer word dat die Ou Testament nie aandag aan die individuele versorging van die mens gee nie. Die nasionale of die kollektivisme is wel op die voorgrond, tog word die individu ook aangespreek, en dan weer uiteindelik in belang van die geheel. Hiervan is Abraham 'n mooi voorbeeld. Die Here sal hom seën en in hom sal al die volke geseën wees (Gen 12). Hierteenoor staan die geval van Akan (Jos 7); hy het die opdrag van die Here verontagsaam en die volk ly 'n neerlaag teen die mense van Ai. Vir Biesterveld is dit ook belangrik om in die verband te let op die verskillende name waarmee God uitdrukking gee aan die verhouding waarin hy tot die volk staan. So is Hy die *Redder* (Ps 106:21; Jes 43:3), die *Geneesheer* (Ps 147:3) en natuurlik die *Herder* (Ps 23; Jer 31:10; Eseg 34).

God het ook besondere organe gegee vir die versorging van die volk. In die eerste plek is daar die *huisvader* wat die verantwoordelikheid het om toe te sien dat die huisgenote hulle geskiedenis, wat eintlik niks anders is nie as die geskiedenis van God se groot dade ten behoewe van die volk, ken. Hy moet ook sorg dra dat hulle die wette en insettinge van God ken en onderhou. Hy moet alles vir die huisgenote voorleef (vgl bv Gen 18:19).

Daar is ook nog die priesters wat die taak het om versoening te doen vir die sonde van die volk en van die individuele Israeliet. Hulle het sorg gedra vir die reinheid van die volk en moes die volk onderrig in die wet van die Here sodat die volk God reg kan ken, Hom sal gehoorsaam en dien (Lev 10:11; Deut 31:9-13).

Die profete het 'n soortgelyke taak gehad. Hierby kom nog hulle besondere opdrag om telkens met individue in gesprek te tree. Die bekendste voorbeelde is seker die van Natan en Dawid (2 Sam 12).

Biesterveld (1908:15) kom dan tot die slotsom:

> Uit al deze gegevens, het handelen van den Heere zelf in betrekking tot zijn bondsvolk, de arbeid door Hem zijnen dienaren opgelegd, de inrichting van heel het leven van het Israëlitische volk, valt af te leiden dat ook in de Oud-Testamentische bedeeling de bijzondere zorg der zielen niet ontbrak, zoowel bedoelende den welstand van het geheel als het heil van den enkele.

Fundering in die Nuwe Testament vind hy in die eerste plek in Jesus Christus se optrede. Vir hom gaan dit om die herderlike optrede van Jesus. Daarvan getuig die gelykenisse, sy prediking en dan veral sy besondere besig wees met enkelinge. Hy roep sy dissipels een vir een, onderrig Nikodemus in die nag (Joh 3); bemoei Hom met die Samaritaanse vrou (Joh 4). Daar is ook die geval van die spysiging van die skare, die dogtertjie van Jaïrus, die kneg van die hoofman en so meer. Daar is die opdrag aan Sy dissipels om na die mense se huise te gaan (Matt 10:12).

Voorts kan ook op die optrede van die apostels gelet word. Paulus bemoei hom met die geval van Onesimus en skryf daaroor 'n brief aan Filemon. Daar is die verskillende voorskrifte wat aan die ampsdraers gegee word, en die benaming van diegene wat betrokke is, dui op die dienskarakter van hulle werk: Hulle is helpers, dienaars. Die oproep van Paulus in Handelinge 20:28 is bekend. Die sorg van Paulus ten opsigte van die gemeente te Filippi word duidelik uit 2 Korintiërs 11:28. Die taak van die broeders word uiteengesit in die oproep van Paulus in 1 Tessalonisense 5:12-14. Ook Petrus doen 'n beroep op die ampsdraers 1 Petrus 5:1-4.

Beukes (1981) hanteer ongeveer dieselfde stof as Biesterveld. Hy behandel dit egter vollediger en bespreek ook nog relevante begrippe uit die Nuwe Testament. Begrippe wat ter sprake kom is byvoorbeeld παρακαλέω, νουθετέω, στηρίζω en καταρτίζω. Hy kom dan tot die gevolgtrekkings:

> Jesus Christus se werk en verkondiging is gerig op die groot geheel, maar Hy het voortdurend ook aandag gegee aan individue en individuele huisgesinne.
>
> Jesus Christus se bemoeienisse en gesprekke met enkelinge het bevryding en verlossing ten doel gehad.

> Jesus Christus is die groot herder wat die kudde en daarmee die individue van hulle grootste nood - die sonde en die dood bevry het.
>
> Die evangelie van Jesus Christus is deur middel van die geskrewe woord oorgedra aan gemeentes, maar ook aan individue.
>
> In die meeste gevalle verkondig die apostels die evangelie aan 'n groep mense, maar by verskillende geleenthede ook aan enkelinge.
>
> Jesus Christus stel aardse herders aan om sy werk op aarde te doen....
>
> (Beukes 1981:1-26)

Labuschagne (1989) beklemtoon dieselfde gedagtegang. Hy wys daarop dat vir die voortsetting van die herderlike sorg Jesus gebruik maak van die diens van mense. Eerstens is sy herderlike sorg na sy hemelvaart voortgesit deur die apostels wat Hy geroep en uitgestuur het (vgl Joh 20:21). Die apostels was dus instrumente in sy hand. Verder maak Hy vandag nog gebruik van die diens van mense wat Hy in die besonder daarvoor geroep het. Labuschagne het egter beswaar daarteen dat die herderlike sorg omskryf word as 'Woordverkondiging', omdat die siening misverstaan kan word as 'n miniatuurpreek en gevolglik kan afstuur op 'n eenrigting verkeer van die kant van die predikant (Labuschagne 1989:685-686). Wanneer misverstande voorkom, hoef dit nie te beteken dat alles daarmee oorboord gegooi hoef te word nie. Veel eerder moet dit reg gestel word. Daarom kan Labuschagne nie sonder meer gelyk gegee word nie.

Kotzé (1980) is die mening toegedaan dat die huisbesoek eers reg begryp kan word as die verhouding enkeling-gemeente reg verstaan word. Die verhouding word aangetoon in 1 Petrus 2:5 en daarmee dan ook saam die regte verhouding tussen prediking en sielsorg. Die enkeling moet gesien word in sy 'verantwortliche Personsein des Menschen vor Gott' (Thurneysen, aangehaal deur Kotzé 1980:268). Na aanleiding van Handelinge 20:20, 28 beweer hy, in aansluiting by J I de Wet se opvatting, dat dit hier daarom gaan dat die ouderlinge opgeroep word om die kudde van die Heer soos wagters te versorg en dat dit gaan om sowel preekwerk as sielsorg. Handelinge 15:36 versterk die gedagte en Kotzé haal weer De Wet aan om by 'n omskrywing van die sielsorg te kom:

> ...herderlike sorg is nasorg met 'n onderrigkarakter wat voortkom uit die feit dat mense dissipels geword het, en om dissipels te kan wees, in

> die Woord wat hulle gehoor het, moet bly (Joh 8:31). Die werk rig hom op die gemeente as geheel en op die enkele gelowige, 'sodat nie een van die wat God gegee het verlore mag gaan nie' en God deur almal in die openbaar en van huis tot huis gedien kan word.
>
> (Kotzé 1980:268)

Vir Kotzé is dit van belang om die herderlike sorg te verbind aan die opsig en die tug. Ook hierin is hy 'n navolger van Thurneysen.

> Deur die sielsorg te verbind aan die opsig en tug word dit 'n middel wat tot doel het om die enkeling na die prediking en sakrament en daarmee na die Woord van God te bring. Op die wyse word hy in die gemeente 'ingelid' en by die gemeente gehou en is die sielsorg 'n akte van heiliging en tug. Daardeur word die gemeente in sy sigbare gestalte opgebou en die enkeling word teen geestelike verval en bederf bewaar. As opsig en tug is die sielsorg die middel waardeur die Kerk waak teen veragtering in die geloof. Daardeur wil die Kerk sorg dat die krag van die Woord en sakramente nie verydel word nie en dat lidmate nie uit die lewenssamehang van die gemeente uitval of wild en ongeordend daar lewe nie.
>
> (Kotzé 1980:273)

Dreyer (1981:17) het dit korrek saamgevat toe hy daarop gewys het dat dit in die werk daarom gaan dat God se herderswerk onder sy kudde deur die herders wat Jesus aangestel het voortgesit word en dat dit gaan om die eenheid van die geloof in Jesus Christus. Die belangriheid van die Woord spreek vanself. Daarom beklemtoon Dreyer ook hierdie aspek en wys hy op die opvolgbesoeke van die apostel Paulus aan die gemeentes wat tydens sy eerste sendingreis gestig is. Hy doen nasorgwerk, en hierdie nasorgwerk is niks anders as die verkondiging van die Woord nie. Hy kom tot die gevolgtrekking:

> Ons kan konkludeer dat die pastoraat in die teken van nasorg staan. Hierdie nasorg kom voort uit die feit dat die Woord reeds gehoor is en is daarop gemik dat die Woord weer gehoor moet word. Hierdie nasorg wat verrig is, is tegelyk ook voorsorg om toe te sien dat hulle wat eenmaal die Woord gehoor het, nie in die genade sal veragter nie,

> maar voortdurend die Woord sal hoor en in gehoorsaamheid daaraan sal lewe.
>
> (Dreyer 1981:19)

Ons moet dit Pont (1989) gelyk gee dat dit dus foutief is om die priesterskap van die gelowige te sien anders as wat Calvyn dit gesien het. Dit kan in die toerusting van die lidmaat om sy priesterskap uit te leef om niks anders gaan as die toerusting in die geloof nie. Menslike doenighede en besig-wees in die kerk word hoog aangeslaan, aldus Pont. Maar dit lei te maklik tot die skeeftrek van die hele aangeleentheid. Die offers wat die gelowige bring is niks anders as die pligte van liefde, wat as ons dit aan ons broers bewys, ons die Here in sy lidmate eer, dit gaan om danksegging en alles wat ons in diensbaarheid aan God doen. Trimp (1986:14) noem dit die toewyding van die lewe aan God!

In die verband kan ook verwys word na die opmerking van Hendriks (1990:19-42). Die vader in elke huisgesin verrig 'n besondere funksie. Al die diensfunksies binne gesinsverband is in hom saamgetrek. Die doel is juis 'n diensvolk en die kleinste eenheid waar wet en kultus beleef word, is die gesin. Die gesin speel 'n sleutelrol in die strukturering van 'n bepaalde bedieningspraktyk. Juis die verbondsmatige karakter van God se koms tot die mens en die sakrament van die doop werk sterk hierin saam.

Heyns (1990:61-72) onderstreep in 'n ander verband ook die belangrikheid van die huisgesin. Hy skryf dat dit die kerngroep in die samelewing is en daarom ook in die kerklike lewe. Hier word mense geslyp, gevorm en toegerus vir die lewe. Vanselfsprekend het dit ook betekenis vir die geestelike lewe, veral dan die kinders. Hier word hulle normaalweg die eerste keer in aanraking gebring met die godsdiensoefening, hulle leer bid, leer om die Bybel te lees en hulle godsdiens te beoefen. Hier kan hulle oor die godsdiens praat, en die geloofsgemeenskap beleef en ervaar.

Dit is nogal opvallend dat Oosthuizen (1979) die hele situasie anders benader. Hy staan veel meer positief teenoor die kerk se taak in die stad. Hy skryf dat die individu binne die massa aan isolasie onderwerp word wat juis van die stadsmens 'n hunkerende wese in die diepste van sy siel maak. Die stadsmens het juis behoefte aan sekuriteit wat hy kan verkry 'deur verkeer en kontak met andere, deur te behoort tot bepaalde groepe en instellinge en deur die gee en ontvang van vriendskap'. Hy kom dan tot die gevolgtrekking:

> Een van die kerk se grootste uitdagings is myns insiens om in sy pastorale versorging die mure van vereensaming, isolasie en afsydigheid om gesinne en individue af te breek. Juis omdat baie stedelinge in hul diepste wese eensaam en geïsoleerd voel, het hulle 'n besondere behoefte aan persoonlike belangstelling en meelewing met die gesin - op sosiale gebied sowel as godsdienstige gebied.
>
> (Oosthuizen 1979:92-102)

**WAARHEEN MET DIE WYKSTELSEL?**

Dit bly vir my 'n uitgemaakte saak dat huisbesoek onontbeerlik vir die kerk is. Die sinvolle is om dit steeds in wykverband te doen. Dit bied aan die kerk die geleentheid om twee ampsdraers op 'n gereelde grondslag by die lidmate van die kerk besoek te laat aflê. Hierdie besoeke is egter nie sonder meer sosiale besoeke nie. Die kerk het een taak, en net die een taak, en dit is die *verkondiging*. Hierdie verkondiging vind in verskillende gestaltes plaas, en huisbesoek is maar een van hulle. Dit kan vir die Kerk om niks anders gaan nie. 'Zielszorg is een zaak van doctrina' (Trimp 1981:17). Daarmee saam kom die verwagting dat die lidmate dankbaar sal reageer op die inhoud van hierdie blye boodskap van redding in Jesus Christus en alles wat daarmee saamgaan. Die vrugte daarvan moet duidelik word in die lewe van die lidmaat, of soos dit hierbo uitgespel is in navolging van Pont, dat die priesterskap van die gelowiges op die regte wyse beleef sal word. Daarom sal die ampsdraers die opsig en tug uitoefen.

Die amptelike besoeke kan nie vervang word deur die besoeke van 'kontakpersone' nie. Dit is en bly die taak van die ampsdraers. Die bedoeling van die wykstelsel is duidelik. Die probleem myns insiens is dat daar telkens gepoog is om die wykslidmate te aktiveer. Die onderwerp het telkens in die verlede ter sprake gekom. Die aktivering het egter nooit met die wyk in die gedagte plaasgevind nie. Die gevolg is dat lidmate selde weet wie almal in dieselfde wyk is as hulle. Die vraag is dan of daar werklik ook in die week iets tereg kom van die belewenis van die gemeenskap van die heiliges? Daar was dus nie geleentheid om 'n groepskohesie te ontwikkel nie. Die kerk het om uit die verleentheid te kom, die verskillende diensgroepe in die lewe geroep. Natuurlik word daar in die diensgroepe voortreflike werk gedoen. Die probleem is net dat dit gerig is op die Diens van Barmhartigheid. Die meelewing waarna ook Oosthuizen verwys het kom nie tot sy reg in die wyk nie. Dit gaan tog nie net om diegene in nood nie! Die mens in sy totaliteit is en bly lidmaat van die kerk. Hier behoort die wykstelsel veel beter benut te word. Die

beweging is dan vanuit die huisgesin na die wyk en na die kerk. So word die los eenhede saamgesnoer deur die gemeenskaplike faktor: Die geloof!

Binne die raamwerk van die wyk kan die priesteskap van die gelowiges soos ons hierbo uiteengesit het, tot sy volle reg kom. Juis die afgrensing van bepaalde verantwoordelikhede vir die ampsdraers, ouderlinge en diakens, maar ook vir die lidmate, maak dit vir die lidmaat moontlk om binne die bepaalde ruimte voluit as gelowige in verantwoordelikheid vir mekaar te leef. Die huisbesoek dra dan daartoe by dat hierdie eenheid besef word, en word die kerklike verantwoordelikheid nagekom sodat die lidmate juis sal leef soos hulle bely en glo. Teen die agtergrond is en bly huisbesoek onvervangbaar!

**Literatuurverwysings**


Beukes, M J du P 1981. *Huisbesoek.* Pretoria: HAUM.

Biesterveld, P 1908. *Het Huisbezoek.* Kampen: J H Bos.

Dreyer, T F J 1981. *Poimeniek.* Pretoria: HAUM.

--- 1987. 'n Prakties-teologiese evaluering van moontlike bedieningstrukture in die Nederduitsch Hervormde Kerk toegespits op die rol van die predikant. *HTS* 43/3.

Heitink, G 1983. Motieven voor regelmatig huisbezoek. *Praktische Theologie* 5, 449-460.

Hendriks, H J 1990. Bediening in en deur die gemeente: 'n Prakties-teologiese basisteorie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5/1.

Heyns, L M 1990. Bedieninge in die gemeente: Praktykmodelle. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5/1.

Kaptein R 1975. *Het huisbezoek.* Baarn: Uitgeverij Ten Have.

*Kerkwet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 1989. Pretoria: NHW-Pers.

Kotzé, E C B 1980. Wat Behoort 'n Predikant te doen? Ongepubliseerde DD-proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Labuschagne, G J J 1989. Wondergenesings. Ongepubliseerde DD-proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Notule van die Twee-en-sestigste Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 25 Junie-1 Julie 1989. Pretoria: NHKA Argief.

Notules van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria: NHKA Argief.

Oosthuizen, A J G [1979]. Kerk en stad. *HTS* 39, 92-102.

Pont, A D 1989. Die priesterskap van die gelowiges soos Calvyn dit gesien het. *HTS* 45, 451 - 460.

Trimp, C 1981. *Media Vita.* Groningen: Uitgeverij De Vuurbaak.

— 1986. *Zorgen voor de gemeente.* Kampen: Uitgeverij van den Berg.

Wagenaar, J P J [1979]. Die Kerk se pastorale taak ten opsigte van die moderne stadsmens. *HTS* 39, 84-91.